Elnatan Privaatskool

Posbus 69 Stampriet Tel +264 63 260074/9 Fax +264 63 260105
www.privaatskool-elnatan.com Email skoolhoof@elnatan.com

25 Maart 2011

Geagte Ouers

SKOOLDRAG

Hier volg die nuutste inligting vanaf die Klerekomitee.

Dit is vir ons baie aangenaam om uiteindelik die goeie nuus aan julle te kan oordra. Ons klerewinkel maak amptelik sy deure oop op die 1ste April 2011. Op hierdie stadium is daar rompies vir dogters en hemde vir seuns en dogters.

Ons wil julle ook hartlik bedank vir die geduld wat julle almal aan die dag gelê het. Om hierdie klerewinkel van die grond af te kry was nie maklik nie, maar met julle almal se ondersteuning het ons dit reg gekry.

Ons is nog in die proses om na voorbeelde te kyk wat ons nuwe verskaffer moet maak. Ons wil probeer om die skoolklere te hou so na as moontlik aan dit wat ons gehad het. Nie elke verskaffer se kwaliteit of tipe materiaal is dieselfde nie en daarom vat hierdie dinge tyd om alles in plek te kry. Ons het nou al in die verlede gesien dat oorhaastigheid net ergernis veroorsaak het!!

Dit is ook vir ons ‘n plesier om te kan sê dat die pryse absoluut sakpas sal wees. Ons het die koste implikasies goed oorweeg om dit so goedkoop as moontlik te hou.

Hier volg die pryse dan vir die hempies vir seuns en dogters asook die rompies. Let asb. op na die pryse wat Francois Enterprises gevra het.

ITEM	NUWE PRYS	FRANCOIS ENTERPRISES
Seunshemp	N$85.00	N$130.00
Meisiehemp	N$90.00	N$130.00
Rompies	N$94.00	N$120.00

Ons het besluit op ‘n rompie met ‘n rekkie agter in wat gebaseer is op die ou Pep Stores rompie. Die hipster van Francois Enterprises het eenvoudig nie voldoen aan die standaard wat ons graag vir ons dogters wou hê nie.

Verder gaan ons wanneer die huidige hempie van die dogters uitverkoop is, dit vervang met ‘n kortmou hempie en op die seuns se snit gebaseer. Om die hempie met spesiale snit in te bring, bring onnodige onkostes en het ons ook gesien dat dit nie almal se figure pas nie. Die hempie sal dan voortaan ingesteek word.

Ons gaan ook ‘n langmou hemp inbring vir almal vir die winter. Ons het ondervind dat die kinders vreeslik koud kry en dat hulle dan genoodsaak word om klere onder die hempie aan te trek wat dit affêre baie bont maak.

Die laerskool kinders gaan ‘n grys langbroek dra met die langmou hemp, donkerblou (“navy”) trui of “pullover” en daar gaan ook ‘n “windbreaker” ingebring word. Ons wag nog vir voorbeelde. Ons wil net byvoeg om te sê dat die “windbreaker” ook ons ondersteunersbaadjie gaan wees.

Die hoërskool kinders gaan ‘n keuse hê om ook langbroeke met die langmou hemp asook truie en pullovers met die hoërskool baadjie te dra of dan ‘n rompie met sykouse. Die matrieks sal slegs sykouse en rompies dra.

Die huidige truie word dadelik vervang met donkerblou (“navy”) truie. Die kleur was van die begin af nie wat ons wou gehad het nie en dit was ook nooit deur die skool goedgekeur nie. Die kwaliteit het vanself gespreek.

Ons grys en wit sokkies is ook nooit deur die skool goedgekeur nie. Hulle word vervang met ‘n sokkie wat ‘n blou strepie tussen die twee wit strepe het.

Die ondersteunershempie se materiaal het Francois Enterprises iewers uitgekoop. Ons kry nêrens enige soort-gelyke materiaal nie en is ons dus genoodsaak om na ‘n ander alternatief te soek.

Ons vertrou dat julle binnekort ‘n volledige toegeruste winkel sal hê. Net nog ‘n bietjie geduld asb!!

Vriendelike groete

.....	.....
Elize Cilliers	Hugo Vermeulen
Voorsitter: Klerekomitee	**SKOOLHOOF**